

# Huwelik en seksualiteit in 'n postmoderne samelewing<sup>1</sup>

D J C van Wyk (jr) (Wolmaransstad)

Navorsingsgenoot: Hervormde Teologiese Kollege

Universiteit van Pretoria

## Abstract

### Marriage and sexuality in a postmodern society

*The focus of the article is on the concepts marriage and sexuality against the background of changing paradigms. It shows how perceptions on marriage and sexuality has changed as it manifested and still manifests in premodern, modern and postmodern times. The article argues that it is possible that aspects of recent reflections on the postmodern way of thinking can help the church and Christians to come to a more balanced appreciation of marriage and sexuality.*

Die huweliks- en huislike lewe van die Westerse volke lê in puin. Egskeidings is aan die orde van die dag. As daar een terrein is van die maatskaplike lewe wat roep om voorligting, dan is dit ongetwyfeld die huweliks- en gesinslewe.

Die Kerk gee egter min voorligting op dié gebied. Die kansels swyg so goed as heeltemal daaroor en laat dit aan bioskoop en liefdesromans oor om die volk in te lig met die gevolg dat meer as een egpaar van die wal in die sloot te lande gekom het.

(Dreyer, Joh 1946:1)

---

<sup>1</sup> Referaat gelewer by die Hervormde Teologiese Kollege se opedag 9 Augustus 2001.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 Die huwelik in die branding

As wyle ds Johannes Dreyer in 1946 al daarop wys dat die huweliks- en gesinslewe in 'n krisis verkeer, is dit bewys van hoe lank daar in die kerk kommer is oor dié basiese boustone van die samelewing. Vandag is dit nie meer nuus dat die tradisionele (Bybelse) huwelik diep deur die branding gaan nie. Stemme gaan op wat verklaar dat die tyd van die tradisionele huwelik onherroeplik verby is (kyk Van der Merwe 2001:8). Statistieke toon dat mense minder en minder trou (Thatcher 1999:10). Die praktyk van saamwoon word in toenemende mate deur Christene aanvaar as legitieme alternatief vir die huwelik (Van der Merwe 2001:8). Ongeveer 80% van alle mense wat in die vorige dekade in die Weste getroud is, het eers saamgewoon voordat hulle getroud is (Thatcher 1999:10).

Waar daar nog sprake is van die huwelik, dui dit daarop dat dit ver van die tradisionele af is. Dít word onder andere duidelik in kerkblaai wat daarop wys dat die huwelik nie inpas by die mondige samelewing van die 21ste eeu nie aangesien dit die mens se onafhanklikheid aan bande lê (*Kerkblad* 2001:4). Die huwelik word dikwels in films, TV-programme en grappe uitgebeeld as 'n gewelddadige, liefdelose “ding” wat mense se lewens omkrap en verwoes. Huweliksontrou, mans wat hulle vrouens met verbale en fisiese geweld aanrand en misbruik, mans en vrouens wat mekaar vermoor om geld daaruit te maak, kinderverwaarlosing en –molestering is sake wat die beeld van die huwelik, wat alreeds swak en verdag is, dag vir dag in die alledaagse pers verder aan flarde ruk. Vanuit onder andere die daaglikse pers gaan daar reëlmatig pleidooie op vir tradisioneel vreemde besinning oor die huwelik, soos byvoorbeeld die wetlike en ordelike reëling van homoseksuele en lesbiese huwelike (*Beeld* 2 April 2001:3).

Statistieke toon 'n skerp styging in die praktyk van egskeiding (Van der Merwe 2001:8). Gedurende die sewentiger en tagtiger jare van die vorige eeu is bereken dat een uit elke drie huwelike in die Weste ontbind word (*Die Hervormer*, Junie 1974:1). Die jongste statistieke dui daarop dat een uit elke twee huwelike in egskeiding eindig (kyk Thatcher 1999:10). Daar word onder andere gewys op die destruktiewe impak wat die wydverspreide praktyk van egskeiding op gesinne en veral kinders het (*Beeld* 12 November 1998:15; *Beeld* 22 Julie 2000:10). Hierdie tendense kom nie net in die wêreld

“daar buite” voor nie. Daar is selfs al gewys op die tendense van huweliksverval wat onder predikante van die Hervormde Kerk ontstellend aan die toeneem is (kyk Dreyer 2001:2).

## **1.2 Seksualiteit**

Teenoor die verwerking wat op die terrein van die huwelik- en gesinslewe aan die gang is, is daar, veral in Suid-Afrika, 'n ongekeerde opbloei van seksualiteit. Dit hou onder andere verband met die nuwe landsbedeling van menseregte en die reg van die individu om te doen wat hy of sy wil, te lees en te kyk wat hy of sy wil. 'n Verbasende “openheid”, gemeet aan die tradisionele siening van seksualiteit, tree na vore deur mense wat praat oor seks, oor homoseksualiteit, TV- en radioprogramme wat dit openlik bespreek, advertensies wat seksualiteit raak, seksonderrig wat aan klein kindertjies gegee word. Tendense dui daarop dat voor- en buitehuwelikse seks algemene praktyk geword het (De Klerk 1998:98). Die redakteur van die *Beeld* (1 Augustus 2001:10) skryf oor die eties-godsdienstige debat of kondome 'n legitieme manier is om vigs teë te werk “...dat voorhuwelikse seks aan die orde van die dag is, dat mense meer as een seksmaat het, dat seks, homo- of heteroseksueel nie weggewens kan word nie”. Dit is volgens hom in ons samelewing 'n onrealistiese droom om te dink dat mense geen buitehuwelikse seks het nie.

'n Geweldige oplewing van kommersiële seksualiteit is aan die orde van die dag. “Volwasse vermaak” soos sekswinkels, harde pornografie, ontkleedanse, seksvertonings en prostitusie is lank nie meer iets snaaks of iets nuuts nie. Dit gaan egter ook verder. Waar die mens en sy regte voorop staan, bly dit nie net by hierdie “toelaatbare” volwasse vermaak nie. Ook verkragting, molestering van kinders, kinderprostitusie (kyk *Beeld* 26 Julie 2001:4), en kinderpornografie neem ontstellende afmetings aan. Trouens, daar word daarop gewys dat al hoe meer Europeërs Suid-Afrika as 'n opwindende sekstoerisme-bestemming beskou (*Beeld* 1 Mei 2001:3)! Intussen hang ironies-ontstellend oor dit alles 'n donker skaduwee van dood en uitwissing weens vigs op grond van onder andere hierdie selfde opbloei van seksualiteit!

Die bedoeling van hierdie studie is nie om 'n dieptebespreking te bied op die sake van huwelik en seksualiteit nie. Die wydte en ineengevegtheid van so 'n studie wat die

verskillende terreine van die Bybelwetenskappe in die besonder, die teologie in die algemeen, sosiale wetenskappe, en regs wetenskap raak, sal nie naastenby reg kan laat geskied binne die beperkte ruimte wat hier beskikbaar is nie. Dit geld byvoorbeeld ook die omvangryke problematiek van vigs wat raakpunte met die onderhawige tema het, maar wat ter wille van die skopus van hierdie studie nie hier verder bespreek word nie.

Die studie gaan van die aanname uit dat die huwelik in die branding is, soos hierbo daarop gewys is. Aangesien die gesprek oor seksualiteit (veral soos gesien vanuit die perspektief van die kerk en die geloof) 'n gesprek is wat baie raakpunte het met die gesprek oor die huwelik, is besluit om die twee temas in verhouding tot mekaar te hanteer. Die twee sake word dus vir die doeleindes van dié studie in terme van mekaar bespreek.

Uit wat hierbo gesê is, blyk dit dat die veranderde beskouings oor die huwelik en seksualiteit onder andere verband hou met verskuiwings in mense se lewens- en werklikheidsbeskouing. Dit beteken dat besinning oor die huwelik en seksualiteit rekening behoort te hou met veranderde denkparadigmas en eras. Na die huidige paradigma en tydgees word dikwels verwys as die “postmoderne”.

### **1.3 Die tydgees: Premodern, modern of postmodern?**

Ek het in vorige studies daarop gewys dat dikwels te ongenueanseerd na die huidige era as die “postmoderne” verwys word (Van Wyk 1999:184ev; 2000:159ev; Net nog 'n teoloog 2001:1ev). Dat daar tans dramatiese verskuiwings en veranderings in die wêreld en hier te lande plaasvind, kan sekerlik nie ontken word nie (kyk Dreyer 1998:289). Dat daar ook in hierdie land, Suid-Afrika, met al sy mense, onder die Afrikanervolk, in die kerk, storm en drang heers soos selfde vantevore, kan ook nie ontken word nie (Van Wyk 1998:4). Dit is ook so dat ons lewe en wêreld gekenmerk word deur mense se algemene gebrek aan oriëntasie en dikwels betekenisloosheid (Küng 1992:14). Daarmee is dit so dat ons tyd onder andere die tipiese tekens van die postmoderne toon: verset teen die sekerhede van die tradisionele, warsheid van absoluuthede, 'n gebrek aan standvastigheid, identiteitskrisisse, die vervloeiing van die waarheid, relativering van gevestigde waardes, suspisie teen enige vorm van manipulasie, magsmisbruik en eksploitering (kyk Van Wyk 1999:189-190). Maar dit alles beteken nog nie dat ons onself simplisties

binne 'n nuwe denkparadigma bevind nie. Dit sou waarskynlik veiliger wees om te beweer dat ons tans in 'n wêreld (sekulêr, filosofies, teologies én kerklik) bevind waarbinne verskillende denkparadigmas deel van mense se leefwêreld en werklikheidsverstaan uitmaak. In die kerk en samelewing het ons te doen met mense wat hulleself in die *premoderne* paradigma (wat o a gekenmerk word deur 'n pre-kritiese en voorwetenskaplike werklikheidsbeskouing) bevind. Ons het ook te doen met mense wat in hulle denke en optrede die tipiese kenmerke van die *Aufklärung* adem en derhalwe hulleself midde-in die *moderne* paradigma (wat deur 'n kritiese maar positivisties en gedetermineerde werklikheidsbeskouing gekenmerk word) bevind. Dan het ons ook te doen met mense wat tipies *postmodern* (wat deur 'n kritiese, nie gedetermineerde werklikheidsbeskouing gekenmerk word) is en dink.

In die besinning oor die huwelik en seksualiteit sal dit enersyds die moeite loon om perspektief te kry op hoe die huwelik en seksualiteit teen die agtergrond van hierdie verskuivende paradigmas ontwikkel het en hoe beskouings daarvoor verander het. Andersyds sal kortliks besin word oor die huidige debat rondom huwelik en seksualiteit teen die agtergrond van mense wat hulle in verskillende denkparadigmas bevind en die uitdagings wat die vraagstelling na huwelik en seksualiteit vandag aan die kerk stel.

## **2. DIE HUWELIK EN SEKSUALITEIT TEEN DIE AGTERGROND VAN VERSKUIWENDE PARADIGMAS**

### **2.1 Die premoderne era: 'n Kort historiese oorsig oor die Bybelse en kulturele oorspronge van die huwelik**

Teologiese aspekte van die huwelik aan die een kant en die sosiaal-kulturele aspekte van die huwelik aan die ander kant is sedert die Bybelse tyd tot vandag toe op 'n besondere wyse met mekaar ineengevleg. Die formele aspekte rondom die instelling van die huwelik en die sluiting daarvan was volgens die ontstaan en funksionering daarvan aanvanklik suiwer kultureel van aard. Van die vroegste tye is dit vanuit verskeie kulture bekend dat man en vrou met mekaar 'n permanente verbintenis aangaan, hetsy in die vorm van poligamie of monogamie (Thatcher 1999:9; Van der Vyver & Joubert 1985:457ev). Dit is selfs opmerklik dat die sluiting van die huwelik ook in Israel 'n

kulturele en sosiale aangeleentheid was wat tussen die twee betrokke families ooreengekom, gereël en gevier is (kyk Van Aarde 1994:40; Stander & Louw 1990:66ev).

Terselfdertyd kan daarop gewys word dat die huwelik in Israel ten minste sedert die agtste eeu voor Christus 'n ander dimensie van teologiese diepgang begin kry het vir sover dit beskou is as ook méér as net 'n sosiaal-kulturele aangeleentheid. So bring eers die profeet Hosea en later Jeremia (Jer 2:2) en Esegïël (Eseg 16) die saak van die huwelik teologies onder woorde as 'n *verbond* tussen man en vrou wat gemodelleer is op die Godmens verbond tussen JHWH en Israel. Ook Gen 2:24 word dikwels uitgelê in terme van 'n verbond wat (implisiet) tot stand kom wanneer 'n man sy ouerhuis verlaat om sy vrou “aan te kleef “ en met haar een te word (Thatcher 1999:68-69). Die Nuwe Testament eggo hierdie selfde model van die huwelik wanneer die huwelik tussen man en vrou vergelyk word met die “geheimenis” van die besondere verhouding tussen Christus en die kerk (Ef 5:31-32).

'n Ander teologiese model van die huwelik wat in die Bybel na vore kom, is die beskrywing dat man en vrou “een in vlees” word (Gen 2:24). Hierdie “een in vlees”-wording het enersyds te doen met die vrou se vlees wat uit die man geneem is, en andersyds met seksuele gemeenskap tussen man en vrou. Só gesien, beteken dit 'n omvattende proses van eenwording wat die totale man en die totale vrou omvat. In die eenwording word hulle 'n nuwe en onderskeibare eenheid teenoor enige ander vorm van menslike verhoudings soos familie of ras (Thatcher 1999:78). Volgens die skrywer van Genesis 2 gaan hierdie ordening van man en vrou in verhouding tot mekaar terug tot by die skepping self. Ook die model van eenwording tussen man en vrou eggo in die Nuwe Testament wanneer Jesus volgens Markus 10:6-8 die eenwording tussen man en vrou, welliswaar op voetspoor van Gen 2:24, as 'n diep persoonlike vereniging tussen man en vrou sien. Dit bring 'n nuwe identiteit vir beide man en vrou teweeg in die sin van man en vrou wat is wat hulle is in terme van hulle verhouding tot mekaar. Terselfdertyd is dit 'n onverbreeklike verbintenis juis omdat man en vrou deur God só saamgevoeg is.<sup>2</sup>

Die teologiese besinning oor die huwelik binne Joodse en Christelike denke het egter nie verhoed dat die huwelik as kulturele instelling altyd verder ontwikkel het nie.

<sup>2</sup> Vir verdere “kleiner” modelle van die huwelik wat in die Bybel na vore kom, kyk Thatcher (1999:81-102). Vir die doeleindes van hierdie studie geniet dit nie hier verder aandag nie.

So het Grieks-Romeinse invloed op die antieke wêreld sterk klem gelê op regsaspekte ten opsigte van die huwelik (die formele voorafgaan in terme van toestemming wat gegee moet word, die sluiting van die ooreenkoms, die regsgevolge wat vir die betrokke partye daaruit voortvloei het, asook bepalings ten opsigte van die afloop daarvan by egskeiding of dood van een van die partye).

Dit was eers vanaf die vyfde eeu wat die kerk wesenlike invloed op die huweliksreg begin uitoefen het en wat die onderskeid tussen die huwelik as suiwer kulturele instelling aan die een kant maar met sterk teologiese betekenis aan die ander kant begin vervaag het (Van der Vyver & Joubert 1985:457). So het die klem ten opsigte van die huwelik gedurende die middeleeue verskuif weg van 'n uitsluitlik familie aangeleentheid na ook 'n kerklike saak. Binne die Rooms-Katolieke Kerk het die huwelik teologies ontwikkel in die rigting van die sakrament soos dit uiteindelik in dié kerk gestalte aangeneem het.

Die Reformatore het egter tydens die Reformasie die huwelik as sakrament verwerp en opnuut die skeiding tussen die regs-kulturele- en die geloofsaspekte van die huwelik bevestig. Die Reformatore het teologies vasgehou aan die uitgangspunt dat die huwelik van Goddelike oorsprong is, maar wat die vorm betref, moes dit burgerregtelik gereguleer word (Van der Vyver & Joubert 1985:460).

Teen hierdie kort historiese agtergrond van die ontwikkeling van die huwelik, met *sosiaal-kulturele* aspekte aan die een kant en *teologiese* aspekte aan die ander kant, kan die verskuiwing ten opsigte van die besinning oor huwelik en seksualiteit vanaf pre-moderniteit na postmoderniteit bekyk word.

## **2.2 Van premodern na postmodern**

Die historiese oorsig oor die huwelik wat hierbo aangebied is, verteenwoordig byna in geheel die tydperk van die premoderne. Die grootste gedeelte van die premoderne era is gekenmerk deur 'n patriargale samelewing. Dit het verreikende invloed vir die praktyk van die huwelik en seksualiteit gehad. Die mees belangrike instelling in die Mediterreense wêreld was die familie. Dit het onder andere beteken dat die familie en die gemeenskap hoog aangeslaan is bokant die regte van die individu. Man en vrou het nie besluit hulle wil in liefde met mekaar trou nie. Families het besluit die seun uit die een

familie trou met die dogter van die ander familie. Die vaders het die huwelik gereël en die ooreenkomste in terme van die huwelik bepaal (dit lyk asof die seuns wel in sommige gevalle kon saampraat oor die keuse van sy vrou – kyk Gen 34:4; Rigters 14:2). Die belang van die familie is egter altyd voorop gestel. Liefde en emosionele en fisieke aangetrokkenheid het nie as prioriteit gedien nie.

Die Bybelse wêreld (dit geld die Joodse, Griekse en Romeinse kulture, godsdienslike instellings en regsisteme) was ’n “wêreld vir die manne”. Vroue is in baie opsigte soos diere of ander “dinge”, maar nie altyd as “mense” nie, behandel. Vroue het geen regmatige plek in die samelewing gehad nie, het in baie gevalle nie regs-persoonlikheid gehad nie en het dikwels ook nie vryheid van denke, spraak of beweging gehad nie. Wat vir vroue van belang was, is deur hulle mans namens hulle gedoen. Dít hét in baie opsigte tot gevolg gehad dat vroue verdinglik is, misbruik is, ontmenslik is, van hulle vrouwees en menswees voor God vervreem is. Dit het in baie opsigte ook in die huwelik voorgekom. Sekere Bybeltekste toon die duidelike tekens van die patriargale samelewing waarin die tekste ontstaan het. Die boek Hosea en ander tekste uit die Ou Testament, soos byvoorbeeld Esegïel 16, trek byvoorbeeld die parallel tussen die huweliksliefde van man en vrou aan die een kant en die liefde wat God vir sy volk het aan die ander kant. Dit is opmerklik dat die vrou telkens uitgebeeld word as die “slegte” party wat die ontroue eggenoot is. Dit is die vrou wat hoereer, wat goedkoop is, wat ontrou is aan die man. Hieragter lê die diepgewortelde beskouing van die patriargale samelewing dat die vrou in haar aard geneig is tot die sonde, tot verleiding, tot boosheid teenoor die man wat net deur die toedoen van die vrou daarvan slagoffer word (kyk Thatcher 1999:69ev; Dreyer 2000a:679-691).

Seksualiteit is oor die algemeen in die tipiese premoderne samelewing verskraal tot die nuttigheid van voortplanting. Sodra dit gegaan het oor die genot en die bevrediging van die individu, is die reël van die samelewing oortree, want die individu se belange behoort ondergeskik te wees aan die belange van die groter gesin. Dit was alleen in belang van die gesin dat daar kinders (veral seuns) in die wêreld gebring moet word. Op hierdie verskraalde siening van seksualiteit is daar wel uitsonderings. Die boek Hooglied is ’n voorbeeld uit die premoderne, patriargale tyd wat die skoonheid van die liefde tussen man en vrou besing. Juis vanweë dié uitsonderlikheid en vanweë die



eksplisietheid van die erotiek daarin het uitleggers van die Bybel in die verlede allegoriese en/of tipologiese vorms van uitleg daaraan gegee. Vandag is daar egter redelike eenstemmigheid dat Hooglied as niks anders verstaan moet word as 'n versameling liefdesgedigte wat die opwinding, skoonheid en ekstase van die liefde tussen man en vrou besing nie. In dié liefdespel gaan die liefde onvermydelik in die intimiteit van die seksuele oor. Ook dít is 'n gawe van God en die eksplisietheid daarvan hoef nie as onbetaamlik ervaar te word nie.

'n Ander beskouing wat seksualiteit in die premoderne era ingrypend en blywend beïnvloed het, was die gnostiek. Kenmerkend van die gnostiek was die dualistiese onderskeid tussen “gees” en “vlees”. Daar is skerp onderskei tussen die “geestelike” en “verhewe” aspek van menswees teenoor die “vleeslike”, “liggaamlike” aspek van menswees. Wat met die “geestelike” te doen gehad het, was mooi en rein en verhewe, wat met die “vleeslike” te doen gehad het, was lelik en verwerplik en onrein. So het lyflikheid, erotiek en seksualiteit te doen gehad met wat vuil en verwerplik was en dit moes vermy word.

Teenoor die premoderne klem op familie en gemeenskap en die regte van die individu wat daaraan ondergeskik was, kom daar met die moderne (en die postmoderne) 'n verskuiwing na die individu en sy of haar regte. Met die outonome mens wat in die moderne wêreld voorop staan, besluit families nie meer wie trou met wie nie. Man en vrou kan self besluit met wie hulle wil trou. Liefde en die ontwikkeling van 'n verhouding geskoei op vriendskap en emosionele en fisieke aangetrokkenheid word baie belangrik.

Die moderne era het in 'n sekere sin daartoe bygedra dat die huwelik as instelling en gawe van God bestendig is. Die kerk het die Bybel met erns ondersoek en die reëls vir die huwelik met nougesetheid neergelê. Toepassing van die “Bybelse beginsels” soos dat die man die hoof van die huis is en dat die vrou hom in alles onderdanig moet wees, het binne die moderne klimaat wyd neerslag gevind. Deur middel van die opsig en die tug is noukeurig wag gehou oor die heiligheid van die huwelik. Sodoende is noukeurig daarteen gewaak dat die huwelik as instelling van God nie ontheilig word nie. Die moderne era is egter ook die era van uitbuiting en magsug. So het die moderne era daartoe gelei dat die man Bybeltekste, soos dat die man die hoof van die vrou is, en dat die vrou aan

die man onderdanig moet wees, misbruik om ter wille van selfhandhawing of magsmisbruik die vrou te onderdruk.

Die moderne era het egter ook buite die invloed van die geloof en die kerk om uitwerking gehad. Daar het die moderne era geboorte gegee aan die outonome mens. Dit is die mens wat self die reëls vir die lewe maak en sy of haar eie norme daarstel. Dié mens wil nie ingeperk wees in iets soos die huwelik nie. Daarom is die praktyke van egskeiding en saamwonery sedert die opkoms van die moderne en veral die postmoderne so aan die orde van die dag.

Die postmoderne het in sterk verset gekom teen die misbruik van mag soos dit in die premoderne (en moderne) huwelik gestalte gevind het. Die patriargale Bybeltekste is blootgelê en ontmasker as sou dit bydra tot die sug na magsmisbruik en ontmensliking binne die huwelik. Geslagsrolle binne die huwelik word hergedefinieer vanuit die beskouing dat man en vrou gelyke vennote in die huwelik is.

Op die gebied van seksualiteit het daar merkbare verandering vanaf die premoderne na die moderne en die postmoderne gekom. Die verskuiwing weg van die belange van die familie na die belange van die individu het seksuele bevryding gebring. Seks word nie meer net beskou as nuttig vir voortplanting nie. Hierdie beskouing ontwikkel byvoorbeeld sluimerend tydens die Viktoriaanse tyd wat 'n oënskynlike (oordrewe) preutsheid voorgehou het, terwyl seksualiteit onder die oppervlak gedy het. Vanuit 'n geloofsperspektief word die seksuele in die moderne en postmoderne tyd gesien as 'n gawe van God wat deur gelowiges geniet mag word. In dié verband was die ontwikkeling en massaproduksie van voorbehoedmiddels 'n belangrike moderne ontwikkeling op die gebied van seksualiteit (Thatcher 1993:174ev). Die seksuele rewolusie van die moderne en die postmoderne era het egter ook verdere uitwerking gehad. Dit het onder andere uitgeloop op die kultuur van “vrye liefde”, onverbonde seksualiteit, sogenaamde “oop huwelike” en losbandigheid (wat opsigself geen nuwe ding is nie) in baie opsigte (kyk De Klerk 1998; Thatcher 1993). By die outonome mens wat self die reëls vir die lewe maak en doen wat hy of sy wil, kan seksualiteit maklik verlaag en vervlak word tot die vlak van die dierlike waar dit nog net wellus en genotsbevrediging is wat tel. Hieronder tel baie vorme van “ontaarde” of “alternatiewe” seks soos groepseks, masochisme en sado masochisme, bestialiteit, nekrofilia en dies meer. Daarmee saam gaan

opnuut uitbuiting en eksploitering van die vroulike liggaam in byvoorbeeld harde pornografie, van die seksuele in prostitusie en die molestering van kinders.

Die postmoderne bring in verset teen die moderne eksplisietheid en eksploitasie van seksualiteit weer iets terug van die misterie van die erotiek. Daar is waardering en herwaardering van die natuur, die bewussyn van siklusse, van rypwording en bevrugting. Die klem word sterk gelê op die volledigheid van menswees, maar met spesifieke verwysing na en waardering van die mens se liggaam. Die versorging van die liggaam, klem op gesondheid, en helaas 'n besondere waardering van lyflikheid as deel van seksualiteit kom na vore. Seksualiteit is 'n omvattende spel wat met fyn kuns en weder-sydse akkommodering van die ander geslagsgenoot gepaardgaan. Dit beteken dat die band tussen liefde en seksualiteit herstel word teenoor die moderne waar dit in baie gevalle nog net oor seks ter wille van seks gegaan het.

'n Verdere verandering wat op die terrein van huwelik én seksualiteit in gedagte gehou moet word, is die ouderdomsverskille waarop paartjies in die premoderne tyd in die huwelik getree het, teenoor die ouderdomsverskil waarop paartjies in die moderne en postmoderne tyd in die huwelik tree. In die premoderne tyd het jongmense vroeg getrou. Volgens die algemene norm is dogters op twaalfjarige ouderdom en seuns op veertienjarige ouderdom geslagsryp. Die gemene reg het jongmense dan ook toegelaat om op dié ouderdom te trou (Van der Vyver & Joubert 1985:486-487). Dit was derhalwe algemene gebruik dat dogters as tieners in die huwelik getree het, terwyl seuns dalk ietwat later getroud is (kyk Van Aarde 1994:40 wat daarop wys dat seuns op ongeveer 18-jarige ouderdom getroud is). Dit het beteken dat daar relatief min tyd verloop het van wanneer jongmense geslagsryp is en hulle in die huwelik kon tree. In die moderne en postmoderne wêreld het hierdie situasie totaal verander. Die moderne en postmoderne samelewing stel eise aan die opvoeding en ontwikkeling van jongmense, in so mate dat hulle selde tot trou kan kom voordat hulle hulle klaar vir 'n beroep bekwaam het en ekonomies selfstandig is. Dit beteken dat paartjies selde vrywillig trou voordat hulle nie hulle middel twintigerjare bereik het nie. Die implikasie is dat jongmense 'n dekade of meer in onthouding moet leef nadat hulle reeds fisiologies geslagsryp is. Teen hierdie agtergrond kan die vraag gevra word of dit realisties van ons samelewing is om van paartjies wat jare lank uitgaan of dalk selfs jare verloof is, maar weens sosiale en

ekonomiese redes nog nie kan trou nie, te verwag dat hulle geen seksuele verhouding mag hê nie?

### 3. HUWELIK EN SEKSUALITEIT VANDAG

#### 3.1 Die huwelik – ’n instelling van God?

Die (Bybels-Reformatoriese) Kerk het die Bybelse gegewens oor die huwelik oor baie eeue baie spesifiek geïnterpreteer: Die huwelik is ’n “instelling” en ’n “gawe” van God (vgl Ordereël 7 – *Kerkorde van die NHK*: 89-91; Formulier(e) vir bevestiging van die huwelik – *Diensboek*: 91-98). Dit is duidelik dat die moderne en postmoderne tydgees baie vrae stel oor hierdie siening van die kerk. Die vanselfsprekende groot vraag waaroor sekerheid verkry moet word, is of die kerk nog reg is met die kerk se interpretasie dat die huwelik ’n instelling van God is. Die uitgangspunt oor die huwelik as *gawe en instelling van God* kom nie eksplisiet so in die Bybel voor nie. Hierbo is daarop gewys dat die kulturele instelling van die huwelik in verskillende sosiale verbande en ingebedhede waarskynlik die Bybelse tekste se konsep van die huwelik chronologies vooraf gaan. Genesis 2:18-25 laat egter min twyfel daaroor dat God man en vrou op mekaar afgestem, geskape het. Jesus se woorde in Markus 10:2-12 (kyk ook Matt 19:3-12; Luk 16:18) laat geen twyfel oor die erns waarmee Hy die huwelik en die rol wat God in die huwelik speel, bejeen nie. Ook Paulus se gedagtegang in 1 Korintiërs 6:9; 12-7:40 loop in dieselfde rigting, beide in die afwysing van seksuele losbandigheid en die plig om die huwelik in stand te hou.

Vir ’n Kerk in die Bybels-Reformatoriese tradisie wat wil erns maak met die Bybel as primêre norm kan dit nie anders as om die siening te huldig dat die monogame huwelik in die Bybel plek gekry het as die enigste wyse waarop een man en een vrou in ’n lewenslange verbintenis met mekaar saamwoon nie. Die basis van die huwelik lê in die verhouding wat man en vrou met die Here het en op grond daarvan kennis neem dat man en vrou vir mekaar geskape is omdat die Here nie wil hê dat hulle alleen moet wees nie.

Uit die huwelik vloei sekere verwagtinge en verantwoordelikhede voort. Die mees primêre gesindheid wat die Bybel in dié verband aan huweliksgenote stel, is die

gesindheid wat daar in Christus Jesus was. Hierdie gesindheid behels selfopoffering en selfprysgawe en verloëning van jouself, ten alle koste – ja selfs tot die dood toe. Sonde is daar waar die mens hierdie gesindheid nie het nie. Dit is daar waar die mens in selfsug na selfbehoud strewe en so in die plek van God inskuif waar hy/sy God nie meer nodig het nie. Daar lei nie alleen die verhouding met God skipbreuk nie, maar ook die verhouding met die medemens en meer spesifiek die huweliksmaat. Daar moet derhalwe waarskynlik in Efesiërs 5:21-32 (kyk ook Kol 3:18-19 en 1 Pet 3:1-7) nie veel meer gelees word as 'n imperatief (verbeeld op baie verskillende maniere) dat die gesindheid wat daar in Christus was (vgl Fil 2:5-11) ook die gesindheid van gelowiges en huweliksgenote teenoor mekaar behoort te wees nie – 'n gesindheid van onderdanig wees aan mekaar. Dit geld die “gewraakte uitlatings” van die man wat die hoof van die vrou is (soos wat Christus die hoof van die Kerk is), die vrou wat aan die man onderdanig moet wees en aan hom eerbied moet betoon, die mans wat hulle vrouens behoort lief te hê, die vrou wat die swakker geslag is en dies meer.

In 'n wêreld waarin vanuit 'n geloofsperspektief dikwels nie meer erns gemaak word met die huwelik nie, en egskeiding na hartelus die opsie bied om uit 'n “probleem-huwelik” te kom, is dit juis 'n gebrek aan hierdie (Christus-volwasse) gesindheid wat huweliksgenote teenoor mekaar behoort te hê wat ook 'n volgende huwelik sal verwoes. Word hierdie gesindheid nie binne die huwelik reggestel nie, word dit doodgewoon net op die volgende huwelik oorgeplaas.

### **3.2 Positiewe en negatiewe deurwerking van die postmoderne**

*Enkele opmerkings kan gemaak word oor die positiewe en negatiewe deurwerking van die postmoderne:*

- Die tydgees dwing die kerk tans tot besinning oor die huwelik. Eksegeties kan volstaan word met die uitgangspunt dat die huwelik 'n instelling en gawe van God is. Die postmoderne waardering van die huwelik kan onder andere die wins meebring dat die rolle van man en vrou binne die huwelik opnuut bekyk word. Hierbo is daarop gewys dat sekere Bybeltekste die duidelike tekens van die patriargale samelewing waarin die tekste ontstaan het, toon. Dit sou nie sin hê om

dit te ontken nie. Die verdingliking, misbruik, en ontmensliking van vrouwees wat uit die patriargale samelewing voortgespruit het, behoort in die postmoderne samelewing finaal ontmasker te word. Die postmoderne suspisie teen die misbruik van mag kan meehelp dat die man nie meer Bybeltekste, soos dat die man die hoof van die vrou is, en dat die vrou aan die man onderdanig moet wees, kan misbruik om ter wille van selfhandhawing die vrou te onderdruk nie.

Die Bybel gee self geen legitimasie daarvoor dat die man in enige opsig die vrou se meerdere sal wees (of omgekeerd) nie. Die eerste skeppingsverhaal (Gen 1) gaan asof vanselfsprekend van die standpunt uit dat man en vrou gelyke vennote is in die ontvang en uitvoer van die kultuuroopdrag wat hulle van die Here kry (Gen 1:26-28). Die tweede skeppingsverhaal in Genesis 2 (deur 'n ander skrywer en binne 'n ander konteks) laat die klem effens val op die onderskeid tussen man en vrou. Die man het geen voorrang of meerderheid oor die vrou nie. Die klem lê wel daarop dat die skepping van die mens onvolmaak is terwyl die mens nie 'n maat het nie. Wanneer die vrou as maat deur God aan die man gegee word, is dit sy gelyke, sy helper – helper nie as sy mindere nie, maar as die een wat hom volledig mens maak – en omgekeerd (Gen 2:18, 20). Dit beteken nog nie dat die huwelik heilsnoodsaaklik is nie.

Vanuit postmoderne feministiese geleedere word meermale teen die patriargale samelewing waarin vroue hulle tradisioneel bevind het en onderdruk is, te velde getrek. Dit is jammer dat, soos wat telkens met versetbewegings die geval is, die baba saam met die badwater uitgegooi word. In die proses word dikwels ook teen die huwelik as sodanig te velde getrek en kom Bybeltekste oor die huwelik sterk onder skoot. Die uiteinde is soms die pogings om elke vorm of fasset van die huwelik as sleg en verwerplik voor te stel. Dit is tegelyk absurd en onrealisties<sup>3</sup>. Bybels gesproke staan man en vrou gelyk, in eie reg naas mekaar en ontvang die genade van God om as mens voor God te leef. Binne die ruimte van die huwelik en samelewing in al die verbande het elkeen sy of haar eie, unieke rol om te

---

<sup>3</sup> Kyk Dreyer (2000b:963) wat wys op enkele beskouings van hierdie sogenaamde *separatistiese* rigting binne die feministiese beweging.

vervul. 'n Gebalanseerde kritiek op die feministiese beweging se hantering van seksualiteit en die huwelik sal egter nog verwoord moet word.

- Die moderne en postmoderne uitgangspunte wat aangevoer word om die praktyk van saamwony teenoor die meer vaste instelling van die huwelik te verkies, gaan nie net om geloofsredes nie werklik op nie. Vanuit die regs wetenskap word aanvaar dat 'n saamwoonverhouding wat langer as 'n sekere tydperk duur, neerkom op 'n gemeenregtelike huwelik (met al die regsimplikasies daarrondom). So 'n saamwoon- verhouding wat tot 'n einde kom, kan lei tot meer uitgerekte en moeiliker hofsake as in die geval van 'n gewone egskeiding, omdat die kontraktuele basis van die verhouding onseker is. Die vrou word in baie gevalle opnuut te kort gedoen. Sy verduur normaalweg 'n groot mate van regsonsekerheid in 'n uitgerekte saamwoon verhouding. Die posisie van die vrou word verswaar deur die man wat dikwels onwillig is om hom op formele vlak aan 'n huwelik te bind. Dit plaas die saamwoon verhouding onder geweldige druk en gee dikwels aanleiding tot die verbrekking van die verhouding (Van der Merwe 2001:8). By die verbrekking van die verhouding is normaalweg sprake van dieselfde emosionele trauma as in die geval van egskeiding, veral as daar kinders betrokke is.
- Die moderne en postmoderne waardering van seksualiteit behoort as 'n wins aangemerkt te word. Veral binne die dampkring van die postmoderne waar wegbeweeg word van die eksploitasie en verdierliking van seksualiteit na 'n meer nederige herontdekking van die geheimenis en kragtige energie van die liefde tussen man en vrou wat tot hoogtepunt gevoer word in die seksuele moet positief gewaardeer word. Vanuit 'n geloofsperspektief sal nooit verbygekom kan word by die feit dat seks tuishoort binne die ruimte van die eksklusiewe verhouding wat God tussen man en vrou daarstel nie. Vanuit die menswetenskappe is daar ruim ondersteuning vir hierdie Christelike standpunt wanneer daar telkens gewys word op watter sosiale, emosionele en sielkundige skade aan mense aangerig word wanneer onverantwoordelik en losbandig met die geweldige kragtige energie van seksualiteit omgegaan word (De Klerk 1998:96; Thatcher 1993:110ev).<sup>4</sup> Veral

---

<sup>4</sup> Kyk ook Finesse (2001:14-17) vir 'n soortgelyke betoog wat deur 'n meer populêre tydskrif verwoord word.

die dilemma waarin paartjies hulleself bevind deurdat hulle eers kan trou jare nadat hulle geslagsryp geword het, onderstreep die behoefte aan noukeurige en sensitiewe begeleiding ten einde blywende letsels op die huwelik en 'n gesonde seksuele verhouding te voorkom.

- Kenmerk van die premoderne (en veral) die moderne is die rigiede lyne wat getrek is tussen reg en verkeerd, tussen wat vir God en die mense aanvaarbaar is en wat sondig en verkeerd is. Terugskouend het daar waarskynlik in dié verband 'n skeeftrekking in die sondebegrip plaasgevind. Veral die “sondes” rondom huwelik en seksualiteit is deur die moderne kerkgemeenskap skerp veroordeel. Mense wat hulle skuldig gemaak het aan egskending, egbreuk, owerspel, 'n meisie wat buite-egtelik swanger geraak het, 'n paartjie wat ongetroud saamwoon en dies meer, is besonder skerp veroordeel. Sulke mense het, deur die sonde waaraan hulle hulleself skuldig gemaak het, hulle lewens “opgemors” en is baie keer deur die tradisioneel Christelike familie en samelewing gemarginaliseer. Met die relativisering wat 'n postmoderne sondebegrip bring, begin daar 'n ander visie op dié problematiek na vore kom. Daar is groter nederigheid om te besef dat nie so simplisties geoordeel kan word oor wat in die oë van God soveel meer verkeerd is aan 'n seksuele sonde as aan baie ander sondes wat elke mens elke dag doen nie. In die oë van God is daar immers nie groot en kleiner sonde nie. Met so 'n postmoderne sondebegrip kan die kerk dalk baie meer gebalanseerd tot begeleiding van mense kom wat deur die traumas van “sondes” soos egskending en buitehuwelikse swangerskappe gaan sodat hulle tot verwerking van die traumas kan kom en as verlose mense sinvol verder kan leef.

Die gevaar van die postmoderne is egter dat daar nie net relativisering en nederigheid in die sondebegrip kom nie, maar relativisme. Daarvolgens is daar nie meer so iets soos sonde nie (Van Wyk 2000:201-203). Daar is net nog elke mens wat self kan besluit oor wat reg en verkeerd is en elke mens wat doen wat vir hom of haar reg is. Dié pad van postmoderne relativisme waar die Bybel nie meer die norm is vir huwelik en seksualiteit nie, sal die kerk egter nie kan loop nie.



#### **4. SLOTOPMERKINGS**

Die moderne en postmoderne tydgees word dikwels gekenmerk deur weerstand teen die premoderne. Vandag is weerstand teen die kerk, weerstand teen kerklike voorskriflikheid, weerstand teen kerklike taal, weerstand teen die kerklid, weerstand teen tradisionele bedieningsmodi, weerstand teen die kerklike belydenisskrifte, weerstand teen die tradisionele prediking aan die orde van die dag. Die huwelik soos die kerk dit tradisioneel geken en gereël het, is hierop geen uitsondering nie.

Die kerk behoort waarskynlik aan die kerk self die vraag te vra of die kerk genoeg doen om huwelikspare na behore op die huwelikspad by te staan. Die kompleksiteit van die huwelikslewe, geslagte se tradisionele rolle binne die huwelik wat verander het, word waarskynlik nie genoeg in gedagte gehou nie. Die openlikheid oor, kommersialisering van en verwagtinge in terme van die seksuele blyk baie keer vir paartjies onhanteerbaar te wees. Gemeenskappe se siening van die huwelik is lank nie meer wat dit tradisioneel was nie. Saamwony is aan die orde van die dag. Ouers se invloed op kinders voor die huwelik word geminimaliseer. Ouers wie se huwelik misluk, laat 'n verwronge en misplaaste beeld van ongelukkigheid en seerkry met betrekking tot die huwelik by kinders agter. Die kerk behoort nie net te besin oor die wyse waarop agterna, wanneer die huwelik misluk het, met die huweliksgenote te werk nie, maar behoort meer pro aktief oor die saak te besin.

In hierdie besinning sal deeglik in gedagte gehou moet word dat daar steeds mense is wat volgens 'n premoderne werklikheidsbeskouing dink en leef. Vir diegene bly selfs net gesprek oor veranderde beskouings oor die huwelik en enige openlikheid rondom die seksuele, taboe. Die mondige mens wat binne die moderne paradigma beweeg, lê self die norme neer waarvolgens saamgebly, getrou, geskei, en seksualiteit beoefen word. Die postmoderne mens, wat die slaggat van relativisme kan vermy, kan kom tot herwaardering van huwelik en seksualiteit.

Wyle prof P S Dreyer (1985:93) het 'n groot waarheid onderstreep: "Die kwaliteit van jou hele volwasse lewe is vir die grootste gedeelte van die kwaliteit van jou huwelik afhanklik". Om gelukkig getroud te wees, is om 'n gelukkige mens te wees. Dit bly waarskynlik waar, ten opsigte van die premoderne, die moderne en die postmoderne mens.

## Literatuurverwysings

- Beeld*, 12 November 1998. Kinders die ergste getref as huwelike verbrokkel, bl 15.
- Beeld*, 22 Julie 2000. Generasie X, bl 10.
- Beeld*, 2 April 2001. Vir die eerste keer trou man met man en vrou met vrou, bl 3.
- Beeld*, 1 Mei 2001. SA 'n "bestemming vir sekstoerisme", bl 3.
- Beeld*, 1 Augustus 2001. Kondome en vigs. Redaksionele artikel, bl 10.
- De Klerk, W 1998. *Die vreemde God en sy mense*. Human en Rousseau: Pretoria.
- Die Kerkblad* 2001. Gereformeerde Kerke van Suid Afrika. 11 April 2001.
- Die Hervormer* 1974. Hoe staan dit met u huwelik?
- Diensboek* 1995. *Diensboek: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria: Kital.
- Dreyer, Joh 1946. *U het voor die kansel gestaan: Oordenkings vir die huweliks- en gesinslewe*. HAUM: Kaapstad.
- Dreyer, P S 1985. *Geboorte, huwelik, dood*. Pretoria: Kital.
- Dreyer, T F J 1998. Spiritualiteit, identiteit en die etos van die Hervormde Kerk. *HTS* 54, 289-314.
- Dreyer, T F J 2001. Die welwees van pastoriepare. *Die Hervormer*, 15 April 2001, bl 2.
- Dreyer, Y 2000a. Vrou as beeld van God, Deel 1: 'n Historiese ondersoek – vanaf Genesis tot die Middeleeue. *HTS* 56, 672-696.
- Dreyer, Y 2000b. Vrou as beeld van God, Deel 2: Vanaf die Reformasie tot die twintigste eeu. *HTS* 56, 949-972.
- Finesse*. Voorhuwelikse seks: Moet ons anders daarvoor dink? *Finesse*, April 2001, bl 14-17.
- Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (gewysig volgens die besluite van die 65ste Algemene Kerkvergadering).
- Küng, H 1988. *Theology for the third millenium*. New York: Anchor Books.
- Küng, H 1992. *Credo: The Apostles' creed explained for today*. München: Piper Verlag.
- Net nog 'n teoloog, 2001. Bespreking oor postmoderne teologie op NHK Internet webwerf. [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za): 1-5.
- Thatcher, A 1993. *Liberating sex: A Christian sexual Theology*. London: SPCK.
- Thatcher, A 1999. *Marriage after modernity: Christian marriage in postmodern times*. Sheffield: Sheffield academic Press.

- Van Aarde, A G 1994. *Kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament*. Pretoria: Kital.
- Van der Vyver, J D & Joubert, D 1985. *Persone- en familiereg*. Johannesburg: Juta en Kie Bpk.
- Van der Merwe, P J. Huwelik as instelling verval in die Weste. *Die Hervormer*, 1 Julie 2001.
- Van Wyk, D J C (sr) 1998. Openingsrede tydens die 65ste Algemene Kerkvergadering. Notule van die 65ste AKV. Argief, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- Van Wyk, D J C (jr) 1999. Kerkwees in veranderde tye: Die Nederduitsch Hervormde Kerk teen die agtergrond van verskuivende paradigmas. *HTS* 55, 183-208.
- Van Wyk, D J C (jr) 2000. Die relevansie van historiese Jesus-navorsing vir kerk en teologie: 'n Hermeneutiese vraagstelling. DD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.